1988 (Act No. 71 of 1988), publish the report of the Business Practices Committee on the result of an investigation made by the Committee pursuant to General Notice 255 of 1991 as published in *Government Gazette* No. 13061 dated 15 March 1991, as set out in the Schedule.

D. DE V. GRAAFF,
Deputy Minister of Trade and Industry.

BYLAE

SAKEPRAKTYKEKOMITEE

VERSLAG INGEVOLGE ARTIKEL 10(1) VAN DIE WET OP SKADELIKE SAKEPRAKTYKE, 1988 (WET NO. 71 VAN 1988)

Verslag No. 18

AFRICAN PROPERTY DEVELOPMENT COMPANY LTD

INHOUD

- I. Inleiding.
- II. Die partye.
- III. Die behuisingsontwikkelingskema.
- IV. Die maatskappy se finansiële toestand.
- V. Die sakepraktyk.
- VI. Evaluasie.
- VII. Gevolgtrekking en aanbevelings.

I. Inleiding

Die Sakepraktykekomitee het ingevolge artikel 8(1)(a) van die Wet op Skadelike Sakepraktyke, 1988 ("die Wet"), ondersoek ingestel na die sakepraktyke van **African Property Development Company Ltd ("Afprop")** en van **mnr. Frans Badenhorst**.

Afprop bou en bemark huise aan voornemende huiseienaars, meer spesifiek swart verbruikers met lae inkomste, wat genooi word om aandele in Afprop te koop met die verstandhouding dat hulle as aandeelhouers in die maatskappy eerste aanspraak het op die goedkoop huise wat deur Afprop te koop aangebied word.

Afprop se sakepraktyke het gedurende 1990 onder die Sakepraktykekomitee ("die Komitee") se aandag gekom deur persberigte en navrae deur die Regshulpburo van Johannesburg.

Die Komitee was besorg daaroor dat die bestuur en finansiële struktuur van Afprop ongesond is en dat beleggers in die maatskappy 'n risiko loop weens die manier waarop die besigheid bedryf is.

Afprop se aandeelhouders het die maatskappy se werkzaamhede grotendeels befonds. Hoewel daar nie van alle fondse wat deur Afprop ontvang is, rekenskap gegee kan word nie, is dit nietemin duidelik dat 'n aansienlike deel van die aandeelhouers se fondse aangewend is vir die neem van sessie van die regte om oor die grond te beskik, dienste op die grond te verskaf deur die installering van 'n netwerk vir watertoewer en 'n spoelrioolstelsel en deur die bou van 'n aantal huise. Dié huise is op grond opgerig waarvan Afprop nie die eienaar is nie. As Afprop sou versuim om sy ontwikkelingsverpligtinge na te kom, bly die grond en alles daarop (d.w.s. die huise en verbeterings) die eiendom van die oorspronklike eienaar. Sowel Afprop se aandeelhouers wat reeds okkupasie van huise geneem het as dié wat nog wag om dit te doen, sal dan probleme hê om enige regte teen die wettige eienaar van die grond af te dwing.

In die lig van die maatskappy se onsekere posisie en die risiko van blootstelling van sy aandeelhouers het die Komitee sowel voor as in die loop van sy ondersoek met verskeie liggamoedige oorleg gepleeg in 'n poging om finansiële bystand vir en beskerming van die aandeelhouers seregs- en finansiële belang te verkry. Die chaotiese toestand van die maatskappy se finansiële rekords en die feit dat sy boekhoustelsel feitlik nie funksioneer nie, het egter 'n afdoende evaluering van sy finansiële posisie verhinder. Moontlike belegging deur derde partye is ontmoedig deur die onstabiele en die gebrek aan kwantifisering rakende die maatskappy se finansiële aangeleenthede. Die Komitee het ook met die Dorpskomitee van Tsakane, die Tsakane Civic Association en die Transvaalse Proviniale Administrasie oorleg gepleeg.

Die proses van dorpsontwikkeling, dit wil sê die omskakeling van stukke rou grond in grond wat geskik is vir residensiële, kommersiële of industriële gebruik, behels 'n ingewikkeld interaksie tussen wetlike, finansiële, besigheids-, bestuurs-, bedryfs-, fisiese en administratiewe handelinge van die kant van verskeie rolspelers. Daar is gewoonlik aansienlike getalle residensiële, kommersiële of industriële eenhede by dorpsontwikkelingskemas betrokke. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die koste, ingewikkeldheid en skaal van die verskillende toepaslike handelinge en van die vereiste integrasie, in belang van samehangende metropolitaanse ontwikkeling, van stukke onontwikkelde grond met bestaande ontwikkelende grond of grond wat nog ontwikkel moet word. Dit is dus waarskynlik dat dorpsontwikkelingsprojekte die belang van aansienlike getalle verbruikers gelyktydig sal beïnvloed.

Kennis van die ondersoek is ingevolge artikel 8 (4) van die Wet gegee by Algemene Kennisgewing 255 van 1991, gepubliseer in Staatskoerant No. 13061 van 15 Maart 1991.

II. Die partye

Mnr. Badenhorst het gedurende 1989 onder die naam Africa Industries begin sake doen. Hy het verbruikers uitgenooi om lede van dié besigheid te word teen 'n bedrag van R150. Lidmaatskap van die besigheid het hulle geregtig gemaak op regs-, skuldverdelings-, begrafnis- en eiendomsontwikkelingsdienste. Die voorsiening van laekostebehuising was een van die verklaarde doelwitte van Africa Industries, wat onderneem het om sy lede van persele te voorsien teen R800 per perseel sodra hy 4 000 lede ingeskryf het. In werklikheid is minder as 1 000 lede ingeskryf.

African Property Development Company Ltd is op 23 Januarie 1990 ingelyf, met sy geregistreerde adres te Wendenlaan 123A, Brakpan. Soos in die geval van Africa Industries, het Afprop ook beoog om laekostebehuising aan swart verbruikers te voorsien.

Mnr. Frans Badenhorst het na bewering die maatskappy se handelsmetode ontwerp. Ten spyte van die feit dat hy geen formele posisie in Afprop se bestuur beklee nie, het hy algehele bestuurs- en finansiële beheer oor Afprop se sake uitgeoefen.

Sewe voormalige werknemers van mnr. Badenhorst, wat as Africa Industries sake gedoen het, is as direkteure van Afprop aangestel. Hulle het beperkte formele onderrig gehad en was nie goed ingelig oor die implikasies van hulle pligte as maatskappydirekteurs nie.

III. Die behuisingsontwikkelingskema

In 'n prospektus gedateer Mei 1991 sê Afprop dat die maatskappy se direksie voornemens is om eiendom vir die swart bevolking teen lae koste te ontwikkel. Die prospektus sê dat die aandeelhouer, bo en behalwe die feit dat hy 'n aandeelhouer in 'n florerende maatskappy is met die besliste moontlikheid om aansienlike dividende op sy/haar belegging te ontvang, 'n opsie verkry om volgens meriete aansoek te doen om die koop van 'n huis van Afprop namate die skema ontwikkel. Volgens die prospektus was die inlywing van Afprop die direkte gevolg van die ernstige tekort aan behuisings vir die swart gemeenskap. Die prospektus voorspel 'n wins voor belasting van R4 156 183 vir die jaar eindigende Februarie 1992.

Die behuisingsontwikkelingskema het betrekking op Gedeelte 11 van die plaas Vlakfontein No. 161 IR, gehou kragtens Transportakte No. T61197/88. Die grond is in erwe en strate onderverdeel volgens Plan GO 15/3/2/383/6 (4).

Die grond word gesamentlik besit deur Township Realtors (SA) (Edms.) Bpk. en Dambou Eiendomsontwikkelaars BK ("die oorspronklike ontwikkelaar"). Ingevolge 'n ooreenkoms, gedateer 8 Augustus 1988, tussen die oorspronklike ontwikkelaar en die Dorpskomitee van Tsakane het die oorspronklike ontwikkelaar 'n sogenaamde dienste-ooreenkoms met die Dorpskomitee aangegaan.

Die dienste-ooreenkoms het die wetlike basis verskaf vir die doen van stappe deur die oorspronklike ontwikkelaar vir die ontwikkeling van die grond as 'n residensiële dorp, en het sekere regte en verpligte op sowel die Dorpskomitee as die oorspronklike ontwikkelaar geplaas. Die ooreenkoms het die oorspronklike ontwikkelaar daarop geregtig gemaak om die ontwikkeling van die betrokke grond te onderneem en het verpligte op hom geplaas met betrekking tot die installering van dienste op die grond (sowel as in sekere andere gebiede) waarop Afprop se behuisingsontwikkelingskema betrekking het. Die oorspronklike ontwikkelaar het ook die reg verkry om oor erwe te beskik. Die oorspronklike ontwikkelaar het onderneem om verbindings- en interne dienste en diensaansluitings te verskaf. Die Dorpskomitee het onderneem om grootmaatvoorsieningsdienste vir 'n rioolsuiweringswerk, grootmaatwatertoever en grootmaatelektrisiteitstoever te verskaf.

Ingevolge 'n sessie-ooreenkoms, gedateer 29 Augustus 1990, wat tussen die oorspronklike ontwikkelaar (wat die eienaar van die grond is) en Afprop aangegaan is, het Afprop die oorspronklike ontwikkelaar se ontwikkelingsregte en -verpligte verkry. Die oorspronklike ontwikkelaar het sy reg om oor erwe in die dorp te beskik, aan Afprop gesedeer. Die toekenning en delegasie van die oorspronklike ontwikkelaar se ontwikkelingsregte aan die maatskappy sou teen betaling van 'n teenprestasie van R1 607 400 deur Afprop aan die oorspronklike ontwikkelaar bewerkstellig word. Daar is verder ooreengekom dat die verbandhouer die verband op die betrokke grond sou kwytself by behoorlike betaling van bedrae wat deur Afprop verskuldig is. Afprop het terselfdertyd 'n opsie verkry om 699 persele in Tsakane-uitbreiding 11 te koop. Ingevolge hierdie opsie is 475 persele in werklikheid gekoop. Die bedrag van R1 607 400 is gevoldig tot R950 000 verminder aangesien Afprop sy opsie nie ten volle uitgeoefen het nie.

In die tydperk vanaf begin November 1990 tot einde Maart 1991 is daar huise op 40 van hierdie persele opgerig. Tot die middel van Junie 1991 is nog 16 huise voltooi. Teen die einde van 1991 is 'n totaal van 96 huise voltooi. Teen 6 September 1991 is 355 van die 475 erwe wat deur die maatskappy bekom is, van water- en rioolverbindings voorsien tot die Tsakane-dorpskomitee se bevrediging. Teen die einde van 1991 het Afprop begin om die grootte van huise van 75 m² tot nagenoeg 40 m² te verklein. Tot 30 van hierdie kleiner huise is sedertdien gebou.

Gedurende 1991 het Afprop 'n verstandhouding in beginsel met die Tsakane-dorpskomitee aangegaan waarvolgens daardie komitee sekere verslappings in sy ooreenkoms met die oorspronklike ontwikkelaar sou toestaan. Ingevolge die verstandhouding sou toestemming verleen word vir die oordrag van die eerste 100 erwe op voorwaarde dat verskeie waarborgs gegee moes word, naamlik 'n waarborg ten bedrae van R300 000 om te verseker dat die vereiste 60% van die paaie in die gebied van die 100 erwe binne een jaar geteer word en dat die gepaardgaande waternetwerk geïnstalleer word, en 'n waarborg om te verseker dat die vereiste elektrisitedienste ten opsigte van die 100 erwe binne 'n jaar voorsien word. Die Dorpskomitee was ook gewillig om verdere uitbreidings toe te staan op voorwaarde dat die waarborg met 15% per jaar verhoog word.

Op 'n algemene vergadering van aandeelhouers van Afprop wat op 29 September 1991 gehou is, is daar egter besluit om dié aanbod van die Dorpskomitee te verwerp. In plaas daarvan is daar besluit om die beskikbare fondse aan te wend om met die konstruksie van behuisigseenhede voort te gaan. Die rede wat vir dié besluit aan die Komitee gegee is, was dat as die betrokke fondse gebruik word om aan die Dorpskomitee se vereistes te voldoen, die maatskappy van bedryfskapitaal ontnem sou word. Die Komitee is deur Afprop se prokureurs per brief, gedateer 7 Oktober 1991, ingelig dat die maatskappy vasbeslote is om sy kontraktuele verbintenisse nie later nie as 15 November 1993 na te kom. Die uitstel van die oordrag van persele aan die okkupeerders daarvan tot daardie datum (en die uitstel van die skepping van sekuriteit vir aandeelhouers wat reeds huise besit tot dieselfde datum) sou na die maatskappy se mening groot bedrae bevries met die oog op die verkryging van die waarborgs wat die Dorpskomitee vereis en sou Afprop se bedryfskapitaal onproduktief bind terwyl daar mense is wat dringend 'n dak oor hulle kop nodig het.

Die lang rekord van mislukkings van ongesekureerde grondontwikkelings, nie net in Suid-Afrika nie maar in baie dele van die wêreld, het herhaaldelik getoon dat beleggers stellig verliese sal ly tensy daar 'n mate van beheer is oor die fondse wat in sulke projekte ontplooい word. Toe die swakheid van die skema onder mnr. Badenhorst se aandag gebring is, het hy toegegee dat as enige beskikbare fondse deur 'n trustrekeningooreenkoms beskerm sou word, dit ook die vloei van fondse so afsny en verdere werksaamhede in werklikheid sou uitskakel. Die vereiste van 'n vorm van sekuriteit in ontwikkelings van dié aard is huis om te help verseker dat ondergekapitaliseerde ontwikkelings nie onderneem word nie. Behoorlike kapitalisering verhoog verder die waarskynlikheid dat toereikende rekeningkundige en finansiële beheermiddels en bestuurstelsels ingestel en gebruik sal word.

Op die vergadering op 29 September 1991 is die goedkeuring van aandeelhouers ook verkry om die direkteure te magtig om bestaande leë persele te verkoop aan aandeelhouers wat die betaling van 'n aanvanklike deposito van R6 050 en maandelikse paaiemente van R300 kan bekostig. Hierdie verskillende feite bevestig die gevolgtrekking dat die maatskappy gedurende die tweede helfte van 1991 reeds probleme met die financiering van sy werksaamhede begin ondervind het.

In hierdie stadium was die maatskappy se fondse feitlik uitgeput. Die verskillende waarborgs sou alle oorblywende fondse uitgeput en waarskynlik oorskry het. Dit sou die staking van konstruksiebedrywigheide beteken het. Soos hierbo aangedui, het Afprop nietemin voortgegaan om kleiner huise te bou.

Hoewel 'n deel van die fondse moontlik vir boukoste en bokoste aangewend is, het terugbetalings aan ontevrede aandeelhouers ook wesentlik tot die uitputting van die maatskappy se fondse bygedra. Die finansiële en bestuursprobleme wat deur Afprop ondervind is, het veroorsaak dat bemarking aan nuwe aandeelhouers probleme ondervind het. Bestaande aandeelhouers se finansiële omstandighede het ook beteken dat hulle die perke bereik het van hulle vermoë om fondse by te dra en nie verder as 'n financieringsbron gebruik kon word nie. Dié gebeure het Afprop se bedrywigheide stadig tot stilstand gebring namate die fondse wat vir die nodige uitbetalings beskikbaar was, begin opraak het.

Afprop het die ontwikkelingsregte van die geregistreerde eienaars van die grond verkry. As hy ten opsigte van sy verpligtinge teenoor die oorspronklike ontwikkelaars of in sy ontwikkelingsverpligtinge sou faal, kon die grond met al die verbeterings (d.w.s. die meer as 100 huise, padverbeterings, water-en rioolnetwerk, ens.) aan Township Realtors en Dambou terugval. Die bewoners van die huise, wat dan geen kontraktuele verhouding met die oorspronklike ontwikkelaar sou hê nie, sal dan huurders wees en aan uitsetting onderworpe kan wees. Hierdie inwoners se okkupasie- of eiendomsregte is onseker.

Die dienste met betrekking tot die ontwikkelingskema is nie voltooi nie. Die elektrisiteitsnetwerk is nog nie voorsien nie en die interne padnetwerk en stormwaterdreineringstelsel is ook nog nie geïnstalleer nie. Die interne waternetwerk en die interne rioolnetwerk is nagenoeg 75% voltooi. Die minimum fondse wat vir die voltooiing van hierdie dienste benodig word, beloop nagenoeg R300 000 per 100 erwe, d.w.s. R1 311 000 vir die 475 erwe (elektiese netwerk: R1 131 773; stormwaterdreinering en paaie: R180 000). Die maatskappy het tans geen fondse nie en weinig vooruitsigte om enige verdere fondse te kry.

Afprop het in sy prokureursmemorandum, gedateer 27 Maart 1991, teenoor die Komitee aangedui dat oordrag van eiendom op die kopers se naam "binnekort" sou begin. In 'n brief van die prokureurs van die Komitee, gedateer 17 Junie 1991, word daar gesê dat Afprop beoog om teen die einde van 1991 met die oordrag van die eerste 50 erwe te begin, met 'n voortdurende proses van oordragte daarna. Geen oordragte is tot op hede bewerkstellig nie.

IV. Die maatskappy se finansiële posisie

Ingevolge artikel 284 van die Maatskappwyet, No. 61 van 1973, moet 'n maatskappy die rekening-kundige rekords hou wat nodig is om die toestand van die sake en besigheid van die maatskappy redelik weer te gee en om die transaksies en finansiële toestand van die bedryf of besigheid van die maatskappy te verduidelik. Rekords van bates en laste, kontanttransaksies, aankope, verkope en voorraad en 'n register van die vaste bates word vereis. Nie een van hierdie rekords was ter insae beskikbaar nie.

Die maatskappy se finansiële rekords is onvolledig en in sommige opsigte moontlik niebestaande. Dit is nie moontlik om die finansiële status van elke aandeelhouer (kliënt) individueel of van die maatskappy te bepaal sonder om 'n groot en duur rekonstruktiewe rekeningkundige oefening te onderneem nie. Nie een van die direkteure of mnr. Badenhorst of die maatskappy se rekening-kundige beampete kon enige aanduiding gee met betrekking tot materiaal-, arbeids- en ander koste wat in die maatskappy se produksieproses aangegaan is nie. Aangesien daar geen meganisme is om die maatskappy se eenheidsproduksiekoste of algehele koste tot op datum te bereken nie, het die maatskappy geen interne metodes om sy finansieringsbehoeftes te bepaal nie. Niemand wat by die bestuur van die maatskappy betrokke is, kon inligting verskaf met betrekking tot die maatskappy se werklike vervaardigings- of administrasiekoste nie. Geen beduidende oorblywende fondse kon opgespoor word nie.

Die Komitee is gedurende Junie 1991 deur die maatskappy se prokureurs ingelig dat die jaarlikse oudit toe aan die gang was en dat dit die plan was om oudits op 'n kwartaallikse basis te onderneem. Teen vroeg Maart 1992 het nie een van die beloofde verslae gerealiseer nie, hoewel die Komitee van konsep finansiële state vir die jaar eindigende 28 Februarie 1991 voorsien is. Die konsepstate verhoog die begrip van die maatskappy se finansiële toestand nie merkbaar nie.

Die maatskappy het blybaar Africa Industries (mnr. Badenhorst) se werksaamhede en verpligtinge oorgeneem. Africa Industries, mnr. Badenhorst en die maatskappy se sake en fondse het vermeng geraak.

Hoewel sy sakewerksaamhede tot 'n einde gekom het, is Africa Industries se bedrywighede nooit formeel afgesluit nie en dié besigheid is blybaar informeel in die maatskappy opgeneem. Die Komitee het dit moeilik gevind om te onderskei tussen die verhoudinge met buitestaanders, aandeelhouers en kliënte van Afprop en Africa Industries aan die een kant en tussen dié twee entiteite en mnr. Badenhorst aan die ander kant.

V. Die sakepraktyk

Afprop het huise teen 'n prys van R22 500 te koop aangebied. Dit was baie laer as heersende pryse.

Deur huise te koop aan te bied, het Afprop 'n produk aangebied waarvoor daar 'n goeie mark en 'n sterk aanvraag bestaan. Sy prysbeleid het verzekер dat baie verbruikers wat andersins nie huise kon bekostig nie, aandele gekoop het en by Afprop se skema aangesluit het met die hoop om uiteindelik 'n huis te bekom. Afprop skryf die lae verkoopprys toe aan die feit dat slegs 'n basiese struktuur met basiese geriewe en sonder onnodige luukshede verskaf word. Afprop se prys is egter steeds onrealisties laag ondanks die feit dat 'n baie basiese huis verskaf word.

Die maatskappy beskik oor 'n gemagtigde aandelekapitaal van R3 000 000, bestaande uit aandele van R0,10 elk. Teen die einde van Maart 1991 het die maatskappy ongeveer 1 600 aandeelhouers gehad, wat elk ten minste 8 000 aandele gehou het. (Sien prokureur se memorandum gedateer 27 Maart 1991.) Daar is beweer dat die meerderheidsaandeelhouer mnr. Frans Badenhorst was. Geen bewys van hierdie meerderheidsaandeelhouding is aan die Komitee verskaf nie. Die ander aandeelhouers van die maatskappy is uitsluitlik swart.

Volgens die konsep finansiële state wat aan die Komitee voorgelê is, was 19 250 000 van die 30 000 000 gemagtigde gewone aandele van 10 sent elk teen 28 Februarie 1991 uitgereik. Aangesien aandeelhouers gewoonlik elk 8 000 aandele vir R800 bekom het, beteken dit dat daar teen die einde van Februarie 1991 ongeveer 2 400 individuele aandeelhouers kon wees.

Daar word per brief, gedateer 7 Oktober 1991, deur die maatskappy se prokureurs berig dat die aantal aandeelhouers teen Oktober 1991 van 'n maksimum van ongeveer 2 600 tot 1 800 verminder het. Teen 5 Desember 1991 het die getal aandeelhouers verder gekrimp tot ongeveer 1 320, met 393 van die aandeelhouers wat voortgegaan het om betalings te doen ingevolge die ooreenkomste wat hulle onderteken het.

Teen die einde van Februarie 1991 is aandele ter waarde van R1 925 600 van die gemagtigde aandelekapitaal van R3 000 000 uitgereik (volgens die konsep finansiële state). Die maatskappy se totale inkomste tot op dié datum word as R1 212 570 aangegee. Geen nuwe aandele in die maatskappy is sedert Februarie 1991 verkoop nie, met uitsondering van 'n paar aandele wat aan mnr. Badenhorst verkoop is. Gedurende dié tydperk het die maatskappy 'n maandelikse inkomste ten bedrae van R123 750 van aandeelhouers ontvang.

By die koop van aandele moes 'n aandeelhouer R800 vir die aandele asook 'n administrasiegeld van R150 betaal, en hy of sy moes begin om R225 per maand te betaal ten einde die totale verpligting met betrekking tot die koopprys te verlaag. Elke aandeelhouer het 'n opsie gekry om 'n huis by Afprop te koop. Aandeelhouers is in voorkeurvolgorde geplaas op grond van die chronologiese volgorde van aandeelhouerlidmaatskap. Die aandeelhouer se naam is saam met dié van ander aandeelhouers op 'n waglys geplaas. Die maatskappy het onderneem om die aandeelhouer binne 'n tydperk van hoogstens agt jaar van 'n huis te voorsien.

Die koste van die konstruksie van huise word beïnvloed deur faktore soos die beskikbaarheid en koste van grond (met inbegrip van ontwikkelingskoste), die koste van breë infrastrukturele ontwikkeling, en koste van die vestiging en instandhouding van dienstenetwerke soos elektrisiteitsvoorsiening, afval- en vullisverwydering en watervoorsiening.

Die Komitee het syfers verkry rakende koste vir die konstruksie en verkoop van huise. 'n Vergelyking tussen die inligting wat deur Afprop verskaf is en hierdie inligting toon die mate waarin die syfers wat deur Afprop aan sy kliënte verskaf is, afwyk van die standaardkoste vir die bedryf.

Verskeie stelle inligting is verkry benewens die inligting wat deur Afprop verskaf is. Die eerste is van 'n firma van raadgewende ingenieurs. Die diensverskaffingskoste wat deur hierdie firma verskaf is, was gegrond op syfers volgens 'n tender wat in Julie 1991 ontvang is vir 'n ontwikkeling in Meadowlands, soortgelyk aan die Afprop-tipe ontwikkeling. Die huiskonstruksiekoste was gegrond op die konstruksie en lewering van ongeveer 15 huise per maand vir 'n soortgelyke tipe ontwikkeling in Tembisa, waarvan die gemiddelde boukoste bereken is as ongeveer R480 m² vir 'n tipiese 72-m²-huis met nominale afwerking en konvensionele fondamente. Die totale koste vir hierdie tipiese werklike ontwikkeling het op R46 825 te staan gekom, waarvan R35 000 huiskonstruksiekoste verteenwoordig.

Die tweede stel inligting is verkry van 'n bourekenaarfirma. Die firma is versoek om teoretiese totale van al die gunstigste moontlike aannames en pryse te bereken. Hierdie totale is unrealisties laag aangesien geen ontwikkelaar die laagste moontlike koste van alle goedere en dienste kan verkry nie. Deur die syfers vir grondkoste en diensverskaffingskoste wat deur Afprop verskaf is, te gebruik, kom die minimum moontlike denkbare totale verkoopprys vir die Afprop-ontwikkeling wat op hierdie basis bereken is, steeds op R29 000 te staan, 'n bedrag wat veel meer is as die prys waarvoor Afprop se huise te koop aangebied het.

Die derde stel data het betrekking op werklike ontwikkelingskoste wat deur die New Housing Company aangegaan is. Hierdie data het betrekking op 'n huis van 50 m², met ander woorde aansienlik kleiner as die Afprop-tipe huis. Die New Housing Company is 'n massaverskaffer van lae-inkomstebehuising en word op 'n minimumwinsbasis bedryf. In dié geval het die totale koste R40 360 beloop, waarvan huiskonstruksiekoste R32 060 bedra het.

Die vierde stel inligting is gegrond op berekenings deur die Divisie vir Boutegnologie van die WNNR, wat betrekking het op die neiging van gemiddelde werklike boukoste vir die tipe behuising soos gespesifieer deur Afprop in die betrokke streek. Volgens hierdie syfers bedra die huiskonstruksiekoste vir 'n gelykwaardige huis as dié wat deur Afprop aangebied word, gemiddeld R34 294, en die totale prys is R39 694.

Dit beklemtoon die mate waarin syfers wat deur Afprop gebruik word, weerspreek word deur die neiging van werklike koste vir werklike ontwikkelings. Daar is namens Afprop aangevoer dat hy in staat is om arbeidskoste te verlaag en sodoende totale koste te verlaag. Dit is egter uiters onwaarskynlik dat laer arbeidskoste die substansiële verskil tussen die verskillende pryse kan teweegbring.

1. Grondkoste¹

Kolom 1	Kolom 2	Kolom 3	Kolom 4
R2 000	R2 000	R2 000	R2 000

2. Dienstverskaffingskoste

	Afprop	Raadg. Ing.	Bourek.	NHC
			Kolom 1	Kolom 2
Waternetwerk.....	R	R		
Rioolnetwerk.....		750		
		1 150		
Subtotaal	1 260	1 900		
Stormwaterdreinering		800		
Paaie.....	1 100	2 000		
Elektrisiteitsnetwerk	1 050	3 000		
Voorlopige en algemene (12%) administrasie.....		925		
Subtotaal		8 625		
Professionele gelde		1 200		
Totaal	R	3 410	9 825	6 300

3. Huiskonstruksiekoste

Kolom 1	Kolom 2	Kolom 3	Kolom 4
R10 200	R35 000	R23 600	R32 060

4. Totale koste**Afprop:**

Volgens syfers wat deur Afprop verskaf is, was sy vernaamste koste-elemente soos volg:

	R
Grondkoste.....	2 000
Diensverskaffingskoste	3 410
Huiskonstruksiekoste	10 200
<i>Totale koste</i> R	15 610
<hr/>	
Raadgewende ingenieursfirma:	
Grondkoste.....	2 000 ²
Diensverskaffingskoste	9 825
Huiskonstruksiekoste	35 000
<i>Totale koste</i> R	46 825
<hr/>	
Bourekenaarfirma:	
Grondkoste.....	2 000 ³
Diensverskaffingskoste	3 400 ⁴
Huiskonstruksiekoste	23 600
<i>Totale koste</i> R	29 000
<hr/>	
NewHousing Company:	
Grondkoste.....	2 000
Diensverskaffingskoste	6 300
Huiskonstruksiekoste	32 060
<i>Totale koste</i> R	40 360
<hr/>	
Divisie vir Boutegnologie van die WNNR:	
Grondkoste.....	2 000 ⁵
Diensverskaffingskoste	3 400 ⁶
Huiskonstruksiekoste	34 294
<i>Totale koste</i> R	39 694
<hr/>	

VI. Evaluasie

Daar word beweer dat ontevrede aandeelhouers terugbetaal is. Indien aangeneem word dat die syfers wat deur Afprop verskaf is korrek is, is 'n bedrag van ten minste R1 024 000 aan aandeelhouers terugbetaal. Die terugbetalings is gedoen deur middel van tjeeks wat getrek is op die bankrekening wat gesamentlik deur Africa Industries, Afprop en mnr. Badenhorst gebruik is. Die Komitee is deur Afprop se prokureurs in kennis gestel dat die aandele van aandeelhouers wie se geld terugbetaal is, deur 'n nuwe belanghebbende partye opgeneem is en dat daar geen oordrag van bestaande aandele tussen individue was nie.

Indien dit die geval was, is daar geen verklaring waarom die terugbetalings gedoen is deur middel van tjeeks wat op die Africa Industries-bankrekening getrek is nie. Anders gesien, sou die uitstroming van fondse deur dié rekening omgekeer moes word deur 'n instroming van fondse vanaf die sogenaamde nuwe belanghebbende party.

Indien maatsappyfondse vir die heraankoop van aandele aangewend is, sou die bepalings van artikel 83 van die Maatskappywet, No. 61 van 1973, nagekom moes word. Geen afskrif van enige spesiale besluit wat ingevolge die bepalings van artikel 83 (2) van die Maatskappywet geneem is, en geen afskrif van enige beëdigde verklaring wat ingevolge die vereistes van gernelde artikel 83 (2) ingedien is, kon in die rekords van die Registrateur van Maatskappye gevind word nie.

Voornemende aandeelhouers is nie voorsien van 'n prospektus ingevolge die Maatskappywet nie, en prokureurs wat vir mnr. Badenhorst en Afprop opgetree het, het ontken dat Afprop sy produk aan die algemene publiek bemark het. 'n Konsepprospektus is nietemin in 1991 by die Registrateur van Maatskappye ingedien. Afprop het in die dagblaaie geadverteer en aandeelhouers is deur verkoopsgemente gewerf. Alhoewel dit nie nodig is om 'n mening uit te spreek oor die vraag of die bepalings van artikel 146 van die Maatskappywet deur Afprop of enige van sy beampies oortree is nie, is dit moeilik om nie tot die gevolgtrekking te kom dat die maatskappy inderdaad sy skema en aandele van die algemene publiek bemark het nie. Die Komitee is nie voorsien van enige verklaring oor hoe die maatskappy aandeelhouers gelok het nie.

Die maatskappy het aangebied om sy aandeelhouers van huise te voorsien. Aandeelhouers sou nie blote huurders wees nie, maar sou eienaarskap verkry van die huise wat hulle sou okkuper. Aandeelhouers is beloof dat hulle persele van 300 m², wat ten volle van dienste voorsien is, asook 'n huis van 75 m², met elektrisiteits-, water- en rioolaansluitings sou ontvang.

Die skema wat deur die maatskappy bestuur is, kom bloot daarop neer dat hy onderneem het om sy kliënte van huise te voorsien teen pryse wat baie laer as realistiese prysvlakke is. Fondse is van kliënte verkry deur die meganisme van die verkoop van aandele aan hulle.

Terwyl huise gebou en aan ongeveer 100 kliënte beskikbaar gestel is, was daar 'n noodlottige tekortkoming in die skema deurdat die pryse wat gevra is, nooit die werklike koste van die produsering en verskaffing van die totale getal huise wat die maatskappy verplig was om te verskaf, kon dek nie. Hierdie tekortkoming kon realisties gesien reggestel word slegs deur meer aandele te verkoop, deur die pryse betaalbaar deur die beleggers aan die "stert" van die skema dramaties te verhoog of deur die bedrae betaalbaar deur alle aandeelhouers, met inbegrip van dié wat reeds okkupasie van hul huise ontvang het, te wysig. Die kunsmatig gedefleerde pryse wat die vroeëre beleggers moes betaal, en wat gedien het om beleggings te lok, sou dus goedgemaak moes word deur buitensporige pryse te vra vir die ander beleggers, wat agter in die ry staan.

Die huise wat gelewer is aan kliënte wat voor in die ry gestaan het, is grotendeels gefinansier deur die bydraes van kliënte wat nog hul beurt aw wag. Die koste wat egter aangegaan sou moes word ten einde huise te verskaf aan alle kliënte aan wie huise belowe is, was baie meer as die fondse wat potensieel gegenereer kon word deur huise te verskaf teen die pryse wat aan kliënte gestel is. Die enigste manier waarop die eise van alle kliënte moontlik bevredig kon word, sou wees deur die pryse van die eenhede wat nog gelewer moet word te verhoog, of deur die betalings wat geëis word van diegene wat reeds huise ontvang het te verhoog, of albei. Die maatskappy het egter reeds die stadium bereik waar hy die kontanttekort ondervind het wat die skema effektief sou beëindig.

Die totale afwesigheid van 'n bedryfsboekhoustelsel het verder beteken dat die bestuur van die maatskappy oor geen manier beskik het om die finansiële stand van die maatskappy te bepaal, te verstaan of te beoordeel nie.

Daar is namens Afprop aangevoer dat, aangesien die getal aandeelhouers teen Desember 1991 tot 1 320 gekrimp het en aangesien slegs 393 lede teen dié tyd nog gereelde betalings ingevolge hulle boukontrakte gedoen het, die 475 standplase wat deur Afprop "besit" is, voldoende was om behuising aan die bestaande kopers van huise te voorsien. Daar is egter nie verklaar hoe Afprop beoog het om die belang van die oorblywende aandeelhouers te hanteer nie. Die maatskappy het beslis nie voldoende fondse gehad om hierdie aandeelhouers terug te betaal nie. Die grond wat vir Afprop beskikbaar was, was nie voldoende om óf die oorspronklike 2 600 aandeelhouers óf selfs die oorblywendie 1 320 aandeelhouers te akommodeer nie.

VII. Gevolgtrekking en aanbevelings

Die vraag na behuising in Suid-Afrika is aansienlik groter as die beskikbare voorraad. Verbruikers wat onder die tekort aan huise ly, is gevvolglik die maklike prooi van ondernemers wat geld verkry op grond van 'n belofte dat hulle van huise voorsien sal word.

Organisasies van onsekere vermoë het aktief begin word in die mark vir lae-inkomstebehuising. Hoe-wel toetredie tot die mark algemeen verwelkom moet word, bied die mate waarin die finansiële enregsbelange van verbruikers as gevolg van dié ontwikkeling in die gevaar gestel kan word, rede tot kommer.

'n Besigheid kan maklik die punt bereik waar geen terugkeer meer moontlik is nie lank voor die onomkeerbaarheid van sy agteruitgang vir buitestaanders sigbaar word. Onweerlegbare bewys van 'n onderneming se naderende ondergang is dikwels nie in die vroeë stadia van sy disintegrasie beskikbaar nie. Dit word ryklik gedemonstreer deur 'n aantal beduidende besigheidsmislukkings sowel plaaslik as internasionaal in die onlangse verlede. Dit is in werklikheid nie ongewoon dat bestuurders self tekens van 'n dreigende ramp nie betyds herken nie.'

Afprop se behuisingskema was van die begin af gedoem. Mn. Badenhorst se planne was ooram-bisieus en totaal onuitvoerbaar. Die drome wat mn. Badenhorst verkoop het, kon nooit bewaarheid word nie. Die maatskappy en sy bemarkingsplan was mechanismes vir die verkryging van geld van beleggers, wat feitlik enige bedrag sou betaal ten einde 'n huis te kan bekom. Die maatskappy het beloof dat hy al sy aandeelhouers van huise kon voorsien. In werklikheid kon huise slegs tydelik aan 'n paar van sy aandeelhouers verskaf word. Afprop se rekeningkundige gegewens en finansiële sake is in wanorde.

Die sakepraktyke van die partye maak 'n skadelike sakepraktyk uit. Daar is geen gronde waarop die praktyk as in openbare belang geregtig kan word nie. Daar word gevvolglik aanbeveel dat die Minister, kragtens artikel 12 (1) (b) van die Wet, die sakepraktyk onwettig verklaar waarvolgens mn. Frans Badenhorst en Afprop, of enige besigheid waarin die partye 'n belang het, in die loop van besigheid—

- (i) grond verkoop of te koop aanbied vir gebruik vir residensiële doeleindes, alvorens sodanige grond geregistreer is as die onderwerp van 'n afsonderlike transportakte in 'n akteskantoor;
- (ii) geboue oprig of aanbied om op te rig vir gebruik vir residensiële doeleindes, alvorens die grond waarop die geboue opgerig staan te word geregistreer kan word as die onderwerp van 'n afsonderlike transportakte in 'n akteskantoor;
- (iii) vergoeding ontvang vir of in verband met die verkoop van grond vir residensiële gebruik, alvorens die grond geregistreer kan word as die onderwerp van 'n afsonderlike transportakte in 'n akteskantoor; of
- (iv) vergoeding ontvang vir of in verband met die konstruksie van geboue vir residensiële doeleindes, alvorens die grond waarop die geboue opgerig staan te word geregistreer kan word as die onderwerp van 'n afsonderlike transportakte in 'n akteskantoor.

Voetnote:

1. Syfers soos verskaf deur Afprop.
2. Soos volgens Afprop.
3. Soos volgens Afprop.
4. Soos volgens Afprop.
5. Soos volgens Afprop.
6. Soos volgens Afprop.

PROF. LOUISE TAGER,

Voorsitter: Sakepraktyekomitee.

SCHEDULE

BUSINESS PRACTICES COMMITTEE

**REPORT IN TERMS OF SECTION 10 (1) OF THE HARMFUL BUSINESS PRACTICES ACT, 1988
(ACT NO. 71 OF 1988)**

Report No. 18

AFRICAN PROPERTY DEVELOPMENT COMPANY LTD

CONTENTS

- I. Introduction.
- II. The parties.
- III. The housing development scheme.
- IV. The financial state of the company.
- V. The business practice.
- VI. Evaluation.
- VII. Conclusion and recommendations.

I. Introduction

The Business Practices Committee has in terms of section 8 (1) (a) of the Harmful Business Practices Act, 1988 ("the Act") conducted an investigation into the business practices of **African Property Development Company Ltd** ("Afprop") and of **Mr Frans Badenhorst**.

Afprop is in the business of building and marketing houses to prospective home owners, more specifically low income black consumers, who are invited to purchase shares in Afprop on the understanding that as shareholders in the company they will have first claim on the low prices home being offered for sale by Afprop.

The business practices of Afprop came to the attention of the Business Practices Committee ("the Committee") during 1990 through press reports and enquiries by the Legal Aid Bureau of Johannesburg.

The Committee was concerned that the management and financial structure of Afprop was unsound and that investors in the company were at risk due to the way in which its business was being conducted.

The shareholders of Afprop have substantially funded the company's operations. While not all funds received by Afprop can be fully accounted for, it is nevertheless clear that a significant portion of shareholders' funds was employed in taking cession of the right to dispose of the land, servicing the land through the installation of a network for water supply and a water borne sewerage disposal system, and in building a number of houses. These houses have been erected on land of which Afprop is not the owner. If Afprop were to default on its development obligations the land and all attachments (i.e. the houses and improvements to the land) will remain the property of the original owner. Both Afprop's shareholders who have already taken occupation of houses and those who are still waiting to take occupation will then have difficulty in enforcing any rights against the lawful owner of the land.

In view of the precarious position of the company and the risk exposure of its shareholders the Committee consulted, both prior to and during the course of its investigation, with various bodies in an effort to obtain financial assistance for, and protection of the legal and financial interests of, the shareholders. The chaotic state of the company's financial records and the virtually non-operative nature of its accounting system, however, prevented a conclusive assessment of its financial position. Possible investment by third parties has been discouraged by the instability and the lack of quantification concerning the financial affairs of the company. The Committee has also consulted with the Town Committee of Tsakane, the Tsakane Civic Association and the Transvaal Provincial Administration.

The process of township development, that is the conversion of areas of raw land to a state fit for residential, commercial or industrial use, involves a complex interaction of legal, financial, business, management, operational, physical and administrative actions on the part of a variety of actors. Significant numbers of residential, commercial or industrial units are usually involved in township development schemes. This is mainly due to the costs, complexity and scale of the various relevant actions, and of the required integration, in the interest of coherent metropolitan development, of portions of developed land with existing developed land or land yet to be developed. Township development projects are consequently likely to affect the interests of considerable numbers of consumers simultaneously.

Notice of the investigation was given in terms of section 8 (4) of the Act, under General Notice 255 of 1991, as published in *Government Gazette* No. 13061, dated 15 March 1991.

II. The parties

Mr Badenhorst commenced business during 1989 under the name of Africa Industries. He invited consumers to become members of this business for a fee of R150. Membership of the business entitled them to legal, debt distribution, funeral and property development services. The provision of low-cost housing was one of the proclaimed objectives of Africa Industries, which undertook to supply its members with stands at R800 per stand once it had enroled 4 000 members. Less than 1 000 members were actually enrolled.

African Property Development Company Ltd was incorporated on 23 January 1990, with registered address at 123A Wenden Avenue, Brakpan. As had been the case with Africa Industries, Afprop also aimed to provide low-cost housing to black consumers.

Mr Frans Badenhorst is claimed to have devised the company's method of trading. In spite of the fact that he holds no formal position in the management of Afprop, he exercised total management and financial control over its affairs.

Seven former employees of Mr Badenhorst, trading as Africa Industries, were appointed as directors of Afprop. They had had limited formal schooling and were not well informed as to the implications of their duties as company directors.

III. The housing development scheme

In a prospectus dated May 1991 Afprop states that it is the intention of the board of the company to develop property for the black population at low cost. The prospectus states that, in addition to being a shareholder in a prosperous company with the distinct possibility of receiving a handsome dividend on his/her investment, the shareholder obtains an option to apply on merit for the purchase of a house from Afprop as the scheme develops. According to the prospectus the incorporation of Afprop was the direct result of the serious shortage of housing for the black community. The prospectus forecasts a profit before tax of R4 156 183 for the year ending February 1992.

The housing development scheme relates to Portion 11 of the Farm Vlakfontein No. 161IR, held under Deed of Transfer No. T61197/88. The land has been divided into erven and streets as per Plan GO 15/3/2/383/6 (4).

The land is jointly owned by Township Realtors (SA) (Pty) Ltd and Dambou Eiendomsontwikkelaars CC ("the original developer"). In terms of an agreement between the original developer and the Town Committee of Tsakane, dated 8 August 1988, the original developer entered into a so-called services agreement with the Town Committee.

The services agreement furnished the legal basis for steps to be taken by the original developer for the development of the land as a residential township and imposed certain rights and obligations on both the Town Committee and the original developer. The agreement entitled the original developer to undertake the development of the land in question and imposed obligations on it with regard to the installation of services on the land (as well as certain other areas) to which Afprop's housing development scheme relates. The original developer also acquired the right to dispose of erven. The original developer, undertook to provide linkage and internal services and service connections. The Town Committee undertook to provide bulk supply services of a sewerage purification works, bulk water supply and bulk electrical supply.

In terms of an agreement of cession dated 29 August 1990, entered into between the original developer (who are the owners of the land) and Afprop, Afprop acquired the original developer's development rights and obligations. The original developer ceded to Afprop its right to dispose of erven in the township. The grant and delegation of the original developer's rights of development to the company was to be effected against payment by Afprop to the original developer of a consideration of R1 607 400. It was further agreed that the mortgage holder would release the bond over the relevant land on due payment of amounts owing by Afprop. Afprop simultaneously acquired an option to purchase 699 stands in Tsakhane Extension 11. In terms of this option 475 stands were actually purchased. The amount of R1 607 400 was consequently reduced to R950 000 as Afprop had not exercised its option in full.

In die period beginning November 1990 and ending March 1991 houses had been erected on 40 of these stands. Up to the middle of June 1991 another 16 houses had been completed. By the end of 1991 a total of 96 houses had been completed. As of the 6th of September 1991, 355 of the 475 erven acquired by the company had been provided with water and sewerage connections to the satisfaction of the Tsakane Town Committee. Towards the end of 1991 Afprop started to reduce the size of houses from 75 m² to approximately 40 m². Up to 30 houses of this reduced size have since been added.

